# Kollig op rentekoerse

## Plaaslike ekonomiese nuus: Augustus 2010

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

Hierdie keer het die Reserwebank besluit om nie rentekoerse te verlaag nie, maar het egter tog ruimte gelaat vir die moontlikheid van 'n verdere daling later vanjaar. Dit is nou die tyd om die lae rentekoerse te benut om skuld te verminder.

### Rentekoerse laagste in 30 jaar

Die SA Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee (MBK)-vergadering was ongetwyfeld vandeesmaand se opspraakwekkendste ekonomiese gebeurtenis. Die MBK het besluit om rentekoerse onveranderd te laat op 6.5% met die prima uitleenkoers op 10% - die laagste koerse in byna 30 jaar.

Voor die vergadering was daar oproepe vir 'n verlaging ter ondersteuning van ekonomiese groei, omdat dit gelyk het asof die groeikoers dalk, hoofsaaklik vanweë 'n swakker vertoning in die vervaardigingsektor, momentum kan verloor van die koers van 4.6% wat in die eerste kwartaal aangeteken is.

### Redes waarom rentekoerse nie verlaag word

- Die verlagings van 550 basispunte het reeds genoegsame stimulus verskaf.
- Ekonomiese groei sal na verwagting voortduur, hoewel dit na verwagting in die tweede kwartaal teen 'n ietwat stadiger pas sal wees.
- Verbruikersbesteding neem toe, soos gesien kan word uit die vertoning van motorverkope en huispryse.
- Die Reserwebank se voorspelling van 'n jaarlikse groeikoers van 2.9% vir 2010 is in lyn met markkonsensus.
- Die opwaartse risiko's van 'n styging in inflasie, wat ingehou word deur hoë loon-ooreenkomste, en hoë vlakke van geadministreerde pryse.

### Toekomstige koersverlagings

Die MBK het ruimte gelaat vir verdere koersverlagings indien die ekonomie verder sou verswak. Die stygende werkloosheidsyfer is 'n bron van groot kommer. In hierdie jaar alleen was daar reeds 232 000 werkverliese. Dit kan 'n demper plaas op die ontluikende herstel in verbruikersbesteding, wat noodsaaklik is vir 'n volhoubare ekonomiese herstel.

In die lig daarvan dat ons ekonomie egter al baie jare van sogenaamd werklose groei agter die blad het, en met inagneming van die verwagting dat die ekonomie onder potensiaal gaan groei, is die beste waarvoor ons kan hoop 'n afname in werkverliese eerder as 'n toename in werkskepping.

### Betaal skuld af

Verbruikers moet volhou om voordeel te trek uit die ongekende lae rente- en inflasiekoerse om hoë skuldvlakke te verlaag, omdat die dienskoste vir skuld op die oomblik laag is. Kyk 'n mens terug op Julie as nasionale spaarmaand, is dit verblydend om op te merk dat die verbruikers wat wel spaar, verligting sal


beleef oor die feit dat rentekoerse dieselfde gebly het en dat die opbrengs op hul beleggings dus onveranderd sal bly. Dit is ook goeie nuus vir talle pensionarisse wat vir oorlewing staatmaak op ‘n inkomste uit rente, dat die koerse onveranderd gebly het.

## Vroue neem die voortou

Met dié dat Augustus Vrouemaand is, was dit bemoedigend om te sien watter invloed vroue reeds in die Suid-Afrikaanse ekonomie het. Terwyl die MBK se verklaring voorgelees is deur Gill Marcus, die eerste vroulike goewerneur in die geskiedenis van die bank, is sy ondersteun deur haar drie adjunk-goewerneurs, van wie een ook ‘n vrou is.

Opleidingsvlakke van vroue beter: Uit die Mei 2010-uitgawe van ‘*General Household Survey’* wat deur Statistiek Suid-Afrika uitgegee word, blyk dat al hoe meer vroue op ‘n jonger ouderdom, meer as ooit vantevore, teen ‘n vinniger tempo as mans opgelei word. Kennis is mag en om ‘n professionele kwalifikasie te kry, is ‘n goeie hupstoot in die rigting van ekonomiese bemagtiging. Namate opvoedingsvlakke in die land verbeter, lei dit al hoe meer tot die bemagtiging van vroue in die ekonomie.

Meer vroue benodig in die formele ekonomie: Hoewel die versnelling in verbeterde opleiding, tesame met die groter beskikbaarheid van ekonomiese geleenthede, begin vrugte afwerp, dui die grafiek hieronder aan dat daar vir vroue nog ‘n lang pad voorlê, voordat hulle mans sal inhaal in die loopbaansektor. Hoewel die algemene Suid-Afrikaanse bevolking die belange van vroue vooropstel, word dit nie weerspieël in die statistieke van betrekkings nie, wat aandui dat meer mans as vroue deel van die arbeidsmag uitmaak. Daarby was die werkloosheidsyfer van vroue in die eerste kwartaal van hierdie jaar op 27.3% hoër as die nasionale werkloosheidsyfer van 25.2%. Vooruitsigte vir vroue lyk egter goed, omdat hulle beter verteenwoordig word in die professioneel opgeleide sektor van die werksmag, waar afleggings nie so algemeen voorkom as in die algemene werkersektor nie.



*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*